# FORMULIER OM DIE DOOP AAN VOLWASSENES TE BEDIEN

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Die leer oor die doop word in hierdie drie hoofpunte saamgevat:

Sonde

Ten eerste: Ons en ons kinders word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons onder die toorn van God en kan ons nie in sy ryk kom nie, tensy ons weer gebore word. Dit word ons geleer deur die indompeling in en besprenkeling met die water, wat die onreinheid van ons siele aandui. So word ons vermaan om 'n mishae in onsself te hê, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid ban buite onsself te soek.

Verlossing

Ten tweede: Die doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus. Daarom word ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot sy kinders en erfgename aanneem. Daarom wil Hy ons met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van ons afweer of tot ons beswil laat dien.
As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas en dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf. So word ons van ons sondes verlos en voor God regverdig gereken.
Net so ook: As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig. Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons uiteindelik volmaak sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word.

Dankbaarheid

Ten derde: Alle verbonde het twee kante. So word ons in die doop deur God vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte.
Ons moet ook die wêreld versaak, ons ou natuur kruisig en godvrugtig lewe. As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en onbetwisbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.

Doop van volwassenes

Mark. 1 : 4-5
Luk. 3:3
Matt. 28: 19

Die kinders van die gelowiges moet kragtens die verbond gedoop word, al verstaan hulle hierdie dinge nie. Dit is egter nie geoorloof om volwassenes te doop sonder dat hulle eers hulle berou oor hulle sondes en hulle geloof in Christus bely nie. Toe Johannes die Doper op bevel van God die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig het, het hy dan ook net diegene gedoop wat hulle sondes bely. So het ons Here Jesus Christus ook sy apostels beveel om dissipels van al die nasies te maak en hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Daarby het Hy hierdie belofte

Mark. 16: 16 gevoeg, dat hy wat glo en hom laat doop, gered sal word. Net so het ook die apostels volgens hierdie reël net dié volwassenes gedoop wat belydenis gedoen het van hulle berou en geloof. Daarom is dit ook vandag nie geoorloof om enige ander volwassene te doop nie as die wat deur die verkondiging van die heilige evangelie geleer het wat die betekenis van die doop is en dit ook inderdaad verstaan, en Deur ‘n mondelinge belydenis sowel daarvan as van hulle geloof rekenskap kan gee.

Hand. 2 : 38,41; 8:36,37; 10: 47,48; 16: 14 V; 31 V.

Om hierdie instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente uit te voer, laat ons saam bid:

Gebed

Almagtige, ewige God, U het in u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf maar die gelowige Noag met sy gesin in groot barmhartigheid gered en bewaar. U het die verharde farao en al sy manne in die Rooisee laat verdrink maar u volk Israel op droë grond daardeur laat trek. Hierin het U ons 'n heenwysing na die doop gegee. Daarom bid ons U om ook hierdie kind van U genadiglik aan te sien en hom deur u Heilige Gees in Jesus Christus, u Seun, in te lyf sodat hy deur die doop saam met Hom in die dood begrawe word en saam met Hom in 'n nuwe lewe opgewek word. Gee dat hy sy kruis blymoedig mag opneem, Christus daagliks volg en Hom aanhang met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde, totdat hy eindelik hierdie lewe - wat onvermydelik op die dood uitloop - om u ontwil getroos verlaat en die laaste dag sonder vrees voor die regterstoel van Christus, u Seun, verskyn.

1 Petr. 3 : 20, 21
1 Kor. 10 : 2
Rom. 6:4

Dit bid ons van U deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees die een en enige God is en tot in ewigheid leef en regeer.
Amen.

Vrae

*Die dopeling moet op die volgende vrae antwoord:*

U, N, begeer om gedoop te word sodat dit vir u 'n seël van u inlywing in die kerk van God kan wees. Dat dit dan nou kan blyk dat u die Christelike godsdiens aanneem, waarin ons u onderrig het en waarvan u voor ons belydenis gedoen het, en dat u ook begeer om u lewe deur die genade van God daarvolgens in te rig, daarom moet u voor God en sy gemeente op hierdie vrae opreg antwoord:

Ten eerste: Glo u in die enige ware God - onderskeie in drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees - wat hemel en aarde en alles wat daarin is, uit niks geskep het? Glo u dat Hy alles nog só onderhou en regeer dat daar niks in die hemel of op die aarde sonder sy goddelike wil gebeur nie?

Ten tweede: Glo u dat u in sonde ontvang en gebore is en daarom onder die toorn van God is? Erken u dat u kragtens u natuur heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad? Bely u dat u met gedagte, woord en daad dikwels die gebooie van die Here oortree het en het u van harte berou oor al hierdie sondes?

Ten derde: Glo u dat die Here Jesus Christus, wat tegelyk ware en ewige God en ware mens is, wat sy menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het, aan u deur God as Saligmaker geskenk is? Bely u dat u

deur hierdie geloof vergewing van sondes in sy bloed ontvang? Glo u dat u deur die krag van die Heilige Gees 'n lidmaat van Jesus Christus en van sy kerk geword het?

Ten vierde: Stem u in met al die Artikels van die Christelike geloof soos dit hier in die Christelike kerk uit die Woord van God geleer word? Is u van voorneme om in hierdie leer tot aan die einde van u lewe standvastig te volhard? Verwerp u ook alle ketterye en dwalinge wat met hierdie leer in stryd is? Beloof u om in die gemeenskap van die Christelike kerk in die aanhoor van die Goddelike Woord en in die gebruik van die nagmaal te volhard?

Ten vyfde: Is dit u ernstige voorneme om altyd Christelik te lewe en van die wêreld en sy sondige begeerlikhede af te sien, soos dit lidmate van die kerk van Christus betaam? Sal u u aan alle Christelike vermanings gewillig onderwerp?

N, wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja.

Mag die goeie en grote God in sy barmhartigheid aan u sy goddelike genade en seën skenk om in hier die voorneme te volhard deur ons Here Jesus Christus. Amen.

Doop

As die bedienaar van die Woord die doop bedien, sê hy:

N, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof u dat U ons en ons kinders deur die bloed van u geliefde Seun, Jesus Christus, al ons sondes vergewe het; dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dat U dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig.
Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind van U altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word. Laat hy in die Here Jesus Christus groei en toeneem, sodat hy u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan hom en ons almal bewys het, mag leer ken. Gee dat hy in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester sal lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk sal stry en oorwin en dat hy U en u Seun, Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig sal loof en prys. Amen.